SA Wrestling Federation
Stoeifederasie

AFRIGTERS RAAD / COACHES COUNCIL

Miss. E van Zyl
P.O. Box 82625
Southdale
2135
TEL: 011 681 1808
082 290 7561 (Cell)
FAX: 011 681 1800
evanzyl@phumelela.com

Aan: Sekretaris/Voorsitter – Stoeiverenigings
SASF Uitvoerende Bestuurslede

Van: SASAR

20 Januarie 2010

SASAR SKRYWE 2010/01

Graag wil ons almal 'n geseënde en voorspoedige 2010 toewens. Sterkte aan al ons stoeiers en afrigters vir die jaar.

Baie geluk aan ons Senior en Kadet spanne wat aan die Statebond Kampioenskappe deelgeneem het. Ons is trots op almal en wil dankie se aan die afrigters en ouers wat ons stoeiers getrou en toegewyd ondersteun gedurende die jaar.

Ons wil graag die volgende reëlings deurgee aan al ons afrigters:

1. **Afrigters Werkswinkel**
   Die Afrigters Werkswinkel vind plaas op **Saterdag 30 Januarie 2010** in die Noord-Gauteng Saal. Ons versoek dat al die Verenigings hulle Hoofafrigter na die werkswinkel sal stuur. Elke Vereniging kan twee verteenwoordigers stuur, m.a.w. die hoofafrigter en nog een persoon. Ons wil die geleentheid gebruik om belangrike afrigter sake te bespreek nl. die jaar se nasionale kursusse, provinsiale kursusse, nasionale oefengroep en tye, graderings, leerstof vir kursusse, langtermyn stoeier ontwikkeling, stoeireëls, algemene kommunikasie asook afrigter registrasies. Die besonderhede is as volg:

   Plek: **Noord-Gauteng Saal in Pretoria**
   Tyd: **Registrasie 08:00 – 08:30 (Ons behoort teen 14:30 te verdaag)**
   Koste: **Gratis vir eerste persoon en R50-00 vir tweede persoon.**

   Ons versoek dat al die verenigings die name van persone wat die werkswinkel gaan bywoon teen **Dinsdag 26 Jan 2010** aan Esta van Zyl by bogenoemde e-pos sal stuur.

2. **Afrigters Kursusse**

Daar word weer drie nasionale kursusse beplan vir 2010 wat oor die land versprei is.

Die reëling dat afrigters verplig is om een nasionale kursus per jaar by te woon, ten einde in die daarop volgende jaar by S.A. aangeleenthede te kan optree bly van toepassing vir 2010, met ander woorde om in 2011 te kan optree moet 'n afrigter in 2010 een van die nasionale kursusse bywoon.

Afrigters wat nie in 2009 'n nasionale kursus bygewoon het nie, sal nie toegelaat word om in 2010 by S.A. aangeleenthede op te tree nie, alvorens hulle 'n nasionale kursus in die jaar bywoon.

LET WEL:

Ons wil graag spesifiek die volgende rëelings met betrekking tot die toetsing van vlak 3 afrigters deur gee. Afrigters wat vir vlak 3 getoets wil word, moet vyf (5) take voor die tyd inhandig. Indien ons nie die afgehandelde take voor die tyd ontvang nie, sal geen toetsing plaasvind nie.

DIE KURSUS DATUMS IS AS VOLG:

Eerste kursus vind plaas op 12 en 13 Februarie 2010

Besonderhede van die kursus:

- Plek: Noord Gauteng stoei saal.
- Registrasie: Vrydag 12 Februarie om 17h00 tot 18h30
  Saterdag 13 Februarie om 07h00 tot 07h45
- Eksamen en Praktiese toetsing vir vlak 1 en 2 vind plaas op Vrydagaand vanaf 19h00.
- Toetsing vir vlak 3 en 4 sal op Saterdag 13 Februarie plaasvind.
- Name van afrigters wat eksamen wil skryf of getoets wil word asook afrigters wat die kursus net wil bywoon moet voor of op Vrydag 5 Februarie by Anna Addinall bevestig word. (e-pos: annaa@telkomsa.net)
- Mediese kursus sal deel wees van die afrigters kursus. Afrigters wat nie in 2009 'n mediese kursus bygewoon het nie, sal nie gepenaliseer word nie aangesien ons nie by al die afrigters kursusse in 2009 'n mediese kursusse kon aanbied. Ons gaan poog om wel hierdie jaar by elke kursus 'n mediese kursus aan te bied.
- Verenigings moet asseblief kennis neem dat indien die name van afrigters ontvang is vir eksamen skryf of kursus bywoning, sal die verenigings verantwoordelik gehou word vir die inskrywingsgelde, indien die afrigters nie opdaag nie.
- Inskrywingsgelde R220. (sluit nie mediese kursus gelde in nie).

Tweede kursus vind plaas op 18 en 19 Junie 2010

Besonderhede van die kursus:

- Plek: Welkom stoei klub (Welkom Skou gronde)
- Registrasie: Vrydag 18 Junie om 17h00 tot 18h30
  Saterdag 19 Junie om 07h00 tot 07h45
- Eksamen en Praktiese toetsing vir vlak 1 en 2 vind plaas op Vrydagaand vanaf 19h00.
- Toetsing vir vlak 3 en 4 sal op Saterdag 19 Junie plaasvind.
- Name van afrigters wat eksamen wil skryf of getoets wil word asook afrigters wat die kursus net wil bywoon moet voor of op Vrydag 11Februarie by Anna Addinall bevestig word. (e-pos: annaa@telkomsa.net).
- Mediese kursus sal deel wees van die afrigters kursus. Afrigters wat nie in 2009 'n mediese kursus bygewoon het nie, sal nie gepenaliseer word nie aangesien ons nie by al die afrigters kursusse in 2009 'n mediese kursusse kon aanbied. Ons gaan poog om wel hierdie jaar by elke kursus 'n mediese kursus aan te bied.
- Verenigings moet asseblief kennis neem dat indien die name van afrigters ontvang is vir eksamen skryf of kursus bywoning, sal die verenigings verantwoordelik gehou word vir die inskrywingsgelde, indien die afrigters nie opdaag nie.
- Inskrywingsgelde R220. (sluit nie mediese kursus gelde in nie).

Derde kursus vind plaas op 20 en 21 Augustus 2010 in die Kusstreek.

- Besonderhede van kursus sal later deurgegee word.

3. **Nominasies vir Internasionale toere**
Ons versoek dat alle belangstellende afrigters wat kwalifiseer hulle nominasies sal instuur na die SASF Sekretaris Generaal voor of op Maandag 15 Februarie 2010. Al die aangeleenthede verskyn wel op die kalender.

4. **Nasionale Oefening**
Die nasionale oefening begin weer op 3 Februarie 2010 te NG Saal in Pretoria. Die oefening sal weer op ’n maand vir maand basis tussen Pretoria en Primrose afwissel. Die Oefen datums en tye vir die PWV gebied tot en met Julie 2010 is as volg:

- 24 ste Februarie in NG Saal Pretoria
- 3, 10, 17, 24 en 31 Maart in Primrose by Primrose Stoeiklub
- 7, 14, 21 en 28 April in NG Saal Pretoria
- 5, 12, 19 en 26 Mei in Primrose by Primrose Stoeiklub
- 2, 23 en 30 Junie in NG Saal Pretoria

Die oefen datums en tye vir die nasionale oefen groepe buite die PWV gebied, sal deur die onderskeie verantwoordelike persone deurgegee word aan die stoeiers in die betrokke oefen groepe.

5. **Provinsiale Kursusse**
Verenigings word versoek om die datums van hulle provinsiale kursusse in te stuur vir die Afrigters Komitee. Ons wil graag weet waar en wanneer dit plaasvind, sodat ’n lid afgevaardig kan word om dit by te woon ten einde die kursus te evalueer en hulp aan te bied waar nodig.

6. **Afrigter Graderings**
Die vereistes m.b.t. die opgradering van afrigters het as volg verander:

- Opgradering na SA Vlak 1 – Moet reeds ’n provinsiaal vlak 3 of provinsiale instrukteur wees. Die betrokke afrigter moet ook reeds vir drie jaar op provinsiale vlak geregistreer wees.
- Opgradering na SA Vlak 2 – Moet oor ’n SA Vlak 1 gradering beskik.
- Opgradering na SA Vlak 3 – Moet oor ’n SA Vlak 2 gradering beskik vir een volle kalender jaar.
- Opgradering na SA Vlak 4 – Moet oor ’n SA Vlak 3 gradering beskik vir een volle kalender jaar.

Nuwe SA Vlak 1,2 en 3 graderings sal eers aan die begin van die volgende kalender jaar inwerking tree nadat die afrigter die eksamen suksesvol afgelê het.

Die verandering in graderings sal ook bespreek en verduidelik word by ons werkswinkel.

Groete

Afrigters Raad